# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

Jaargang 5 Volume 7 JULIE 1992 Prys R1.50

# SEMINAAR OOR STRES

Op Woensdag, 12 Augustus is dit weer tyd vir die jaarlikse gemeenskaps-werkprojek vanuit die OVV-maatskaplike kantoor. Vorige projekte wat aangebied is, was die ouer/tiener seminaar en die seminaar oor skoolgereedheid.

Mev. Louise Fouché, maatskaplike werkster, het verduidelik dat in die lig van toenemende eise en druk wat kinders in die bedrywige en veranderende samelewing ervaar, is daar besluit om hierdie jaar, in samewerking met die Hoërskool Zastron, die onderwerp van stres aan te spreek.

Alle ouers en kinders vanaf st. 3 tot 10 word na die seminaar uitgenooi. Daar sal onder andere gekyk word na hoe om tekens van stres by die kind te eien, moontlike faktore wat dit kan veroorsaak en hoe om dit te hanteer. Ouers met voorskoolse kinders of jonger as st. 3 behoort ook baat te vind, al word hul kinders nie direk by die gesprekke betrek nie.

Die seminaar vind in die skoolsaal om 17h45 tot 20h30 plaas. Die gehoor sal in drie groepe, naamlik laerskool-, hoërskoolkinders en ouers verdeel word en 'n arbeidsterapeut sal elke groep toespreek. Daar sal genoeg tyd vir vrae wees. Die koste beloop R5 per volwassene, wat tee en verversings insluit. Kinders woon dit gratis by. Rig enige verdere navrae aan die mev. Louise Fouché of die skool.

Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950


Tel. 1821 Boesmanskop

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.

## MASSIEWE ROTS

**ierdie besienswaardigheid met sy boesmantekeninge is die noeite werd om van naderby te gaan besigtig. Die rots is p die plaas, Olifantsbeen van mnr. Piet Labuschagne.**



## ZASTRON APTEEK
### Gesondheidsorg & Diens

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
*Revlon*
*Alexandra de Markoff*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

# REDAKSIONEEL

## DIE ZASTRONNER - MY LAS - MY VREUGDE!

**In my soeke na 'n geskikte gedagte vir hierdie splinternuwe voorkoms van Die Zastronner, lees ek die mooi verhaal van twee broers wat baie lief vir mekaar was. Die een broer was egter verlam en kon nie self loop nie, maar sy gesonde broer het sy vreugde daarin gevind om sy verlamde broer op sy rug rond te dra en só het hulle saam oor die weg gekom. Op 'n dag het 'n vreemdeling teenoor die sterker broer opgemerk: "Jy het darem 'n swaar las wat jy dra." Maar onmiddellik het die broer heftig gereageer: "O, Nee, Meneer, jy maak 'n groot fout. Dis nie 'n las nie; dis my broer!"**

**Die storie illustreer die besonderse gesindheid waarmee hierdie gesonde man sy taak verrig en ek is seker almal kan 'n les daaruit leer! Let maar op hoeveel mense benader hul dagtaak met 'n frons en 'n sug. Wat sou 'n werklose nie wou gee om met u plekke te ruil? As ons so kla oor die kinders en al die verantwoordelikhede, vergeet ons hoe baie hunker tevergeefs na die vreugde van ouerskap. Wanneer ons hulp of betrokkenheid vir 'n saak in die gemeenskap gevra word, het ons vinnig 'n verskoning en laat die werk maar in die hande van dieselfde gewillige "slawe".**

**Kom ons verander die gesindheid waarmee ons elke taak aanpak. Wie sy taak bloot as 'n las sien, sal dit stellig nie met 'n vreugdevolle gesindheid aanpak nie. Iemand het eendag die raad aan my gegee: "As jy nie jou situasie kan verander nie, verander jou houding teenoor jou situasie." Daarom sal Die Zastronner, te midde van terugslae en kritiek, voortgaan om die vertoonvenster van die gemeenskap te wees. Dis met opgewondenheid dat ek hierdie nuwe formaat aan u bekendstel. My wens is dat "my las" spoedig weer 'n ereplek in u hart en huis sal vind, want dan sal dit voorwaar my vreugde wees!**

**- REDAKTRISE**

MULTIMARK
Reichenbergstr. 30
ZASTRON

Algemene
Handelaar

TEL. 10

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ .......

Liewe lesers

Dankie tog, die vakansie is nou iets van die verlede en dinge kan weer na normaal terugkeer. Dis vir my elke jaar verstommend hoe die dorp tot stilstand geruk word deur die wintervakansie. Miskien moet ons volgende keer 'n spesiale program vir die tuisblyers loods, dan sal 'n mens immers nie aan 'n kompleks begin ly nie.

Maar die stilte het ook vernuwing gebring en daar is inderdaad gewoel en gewerkskaf om hierdie nuwe Zastronner vorendag te bring. Die lesers se kommentaar oor die nuwe vorm is baie welkom.


Onthou 'n lewendige briewekolom weerspiëel nie net verskillende menings nie, maar is die beste getuigskrif dat die koerant gelees word. Daarom is daar besluit om nie nou dadelik op die skrywe van die Stadsklerk (in briewekolom langsaan) te reageer nie, maar die bal in die hande van dielesers te gooi. Ons wag vir reaksie!

**Geloof**

Op 'n ligter trant: Toe die Redaktrise nou die dag by my wou weet hoe ek oor die nuwe formaat voel, het ek aan die staaltjie van die twee nonne gedink wie se motor sonder petrol gaan staan het.

Hulle het by die naaste plaashuis 'n bietjie petrol gaan vra, maar die oom het nie 'n houer gehad nie en gooi die petrol sommer in 'n ou Koos.

Terwyl die twee nonne besig is om die petrol uit die ongewone houer in hulle motor te gooi, ry die predikant en ouderling by hulle verby en die dominee sê: "Broer, sowat van geloof het ek lank laas gesien!"



Wel, dis soos ek oor Die Zastronner voel, dit was nog altyd 'n treffer en dit sal altyd een bly!

Groetnis
Sinterklaas

Sanlam
Waar u toekoms tel
Boedel & Aftrede beplanning
Belasting besparing
Beleggings & Finansiering
Versekering
Plaaslike Verteenwoordiger
DAPPER DE WET
TEL. ROUXVILLE 143
Kantoor ure (08h00 - 13h00)

# BRIEWE

Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Vrydag, 21 Augustus 1992.



## REAKSIE OP "VERDRAAIDE FEITE"

**Die Stadsklerk, Zastron skryf:**

Aangesien die Redaktrise, asook Sinterklaas sekere verdraaide feite aan die lesers deurgee, wil ek graag die volgende regstellende feite daarstel.


DIE UNIE DRANKWINKEL



Bus 236
Tel. 6
Ons waarborg persoonlike aandag
Dawid & Elsabe Jordaan


### REDAKSIONEEL

Dit was nog nooit nodig om aan die Redaktrise vermelding te maak van die beperkende Artikel insa skenkings nie, aangesien sy met haar versoeke nog binne perke was, maar met die laaste versoek verhoging in bydrae sou die perke oorskry word.

In antwoord op Sinterklaas se bewerings insake publisiteit word weereens daarop gewys dat dit v groot belang vir die Raad is en word daar altyd gepoog om waar die Raad kan help, publisiteit bevorder. Dit word wel gedoen en daarom is die Raad dan ook die grootste bydraer vir D Zastronner, nl. R550 per maand, asook 'n verdere R600 vir advertensie, dit wil sê R7 200 per ja

### AMBULANS

Weereens beskik Sinterklaas nie oor die korrekte feite nie, aangesien hy blykbaar nie bereid is om voordat hy negatiewe berigte plaas, homself van die korrekte feite vergewis nie.

Soos Sinterklaas meld is daar wel 'n persoon op bystand vir 24 uur en indien hy gekontak word, wat nie gebeur het nie, sal hy onmiddellik op die oproep reageer.

Hieronder volg nou 'n werklike uiteensetting van die gebeure op die betrokke dag. Om ongeveer 12h05 het die seun op die rugbyveld seergekry. Dr. Van Rooyen en suster Church was onmiddellik op die toneel. Die Stasiebevelvoerder van die SAP het toe per radio kontak gemaak met die aanklagkantoor en het die polisiebeampte versoek om die ambulans te kontak. Terwyl hy besig was om met die verpleegster te praat, het AO Tienie Geldenhuys van die Gevangenis by die hospitaal opgedaag en vir 'n trauma bord en nekstut gevra. Onder die indruk dat dit die persone van ambulans was, het sy die polisiebeampte so meegedeel en w hulle tevrede dat die ambulans gereël was, wat nie so was n Om 12h40 het een van die munisipale werkers na die rugbyve gegaan om die kussings van die rugbyveld af te haal. Hy is de persone gevra om die ambulans te gaan haal. Hy het onmiddel die ambulans gaan haal en was ongeveer 12h55 weer terug by rugbyveld. Intussen is daar na die huis van mnr. Fourie geska en sy vrou het hulle meegedeel dat die ambulans reeds oppad w Die persoon aan diens was mnr. Landman en is nie op daar stadium gekontak nie. A O Geldenhuys het aangebied om ambulans te bestuur.



CALEDON MAKELAARS BK
U onafhanklike Versekeringsmakelaars
U het ons nodig indien u voel dat u -
* PREMIES TE HOOG IS ....
* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD
* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG
ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES
Skakel vandag nog
ZASTRON TEL. 259


Soos Sinterklaas hieruit sal aflei, sal hy sien dat die ambula nooit gekontak is nie en nadat mnr. Fourie die ambulans gaan h het, was hy binne vyftien minute terug, wat heelten aanvaarbaar is. Laastens wil ek ook soos Sinterklaas maak graag die volgende raad aan hom gee. Voordat u asseblief su negatiewe berigte plaas, maak seker van u feite, dan sal u si dat die A-gradering wat ontvang is, werklik verdien is.

## 'N PLUIMPIE VIR DIE ZASTRONNER

**Mnr. Pierre Rochér van Zastron skryf:**

'n Woord van opregte dank en waardering vir 'n puik blad. Dit is veral die gehalte van beriggewi en taalversorging wat my opgeval het. Die Zastronner is werklik 'n sieraad waarop elke Zastronn met reg trots kan wees.



# BRIEWE (VERVOLG)

## STYGENDE KOSTES IS DIE WAARHEID

**Mnr. Elmo Cusens, Zastron Drukkery, skryf:**

Dit spyt ons om te verneem dat die kwaliteit van Die Zastronner afgeskaal moet word - vernaamlik die pragtige volkleur buiteblad wat ons glo verseker het dat die publikasie verkoop het en populêr was.

Maar 'n halwe eier is seker beter as 'n leë dop!

Die drukkersbedryf gaan werklik deur 'n inflasiefase sover dit kostes aangaan en wil ons graag die Redaktrise se skrywe van verlede maand bevestig. Papierpryse het die afgelope 15 maande vyf keer gestyg (elke keer ongeveer 12,5%), inkpryse het die afgelope ses maande verdubbel. Indien 'n masjien vir 'n diens na Bloemfontein geneem moet word, beloop reparasiekoste R150 per uur plus nog peperduur onderdele wat dikwels spesiaal ingevoer moet word.

Om een uitgawe van Die Zastronner op 'n komper te set, sal minstens 15 uur in beslag neem (en dan moet jy vinnig kan tik!) Om verder elke Zastronner te sorteer en te kram, sal nog drie ure neem en die druk daarvan ten minste nog ses ure - dit wil sê 'n minimum van 24 uur. Voeg daarby nog die koste van die papier ens. en 'n mens bereik astronomiese syfers. Dat die Redaktrise bereid is om selfs die afgeskaalde Zastronner teen minder as R2 per eksemplaar beskikbaar te stel, is prysenswaardig.

Zastron Drukkery probeer help deur die rooi gedeelte van die huidige voorblad teen 'n baie spesiale tarief te druk en ons verskaf ook papier teen amper kosprys aan Die Zastronner. Is daar nie ander instansies of persone wat miskien kan help dat Die Zastronner weer volgende jaar kan terugkeer na sy kleurvolle voorblad nie?






## DIS JAMMER DAAR MOET VERANDER WORD

**Mev. C.J. van Zyl, Keulderstraat 16, Beaufort Wes skryf:**

Dit was hierdie afgelope naweek my aangename voorreg om met Die Zastronner kennis te maak deur middel van my kinders wat hier gekuier het en ek wil u graag hiermee van harte gelukwens met 'n puik nuusblad.

Ek het al talle plaaslike nuusblaaie onder oë gehad, maar ek kan in alle eerlikheid sê dat Die Zastronner kop en skouers bo almal uitstaan wat gehalte sowel as inhoud betref.

Ek vind dit 'n groot jammerte dat u as gevolg van finansies moontlik die formaat van u nuusblad sal moet verander en hoop regtig dat daar uitkoms sal kom, sodat dit nie nodig sal wees nie.

## DIT SAL WEER BETER GAAN

**Mnr. Adam Fouché, Camelot, Zastron skryf:**

Ons is seker almal jammer dat Die Zastronner sy aantreklike voorkoms en formaat moet verander. Ongelukkig leef ons nou in 'n tyd waarin ons almal maar ons gordels stywer moet trek, maar ons gaan dit doen en die beste daarvan maak. Dit sal mos weer beter gaan.




Ons is jammer oor die mooi kleur buiteblaaie wat moet verdwyn, maar ons vra die Redaktrise mooi om al die blokke te bêre, sodat sy dit weer kan gebruik. Ons weet mos nie of ons later nog 'n Pieter Brink sal hê wat so sterk is dat hy eiehandig 'n swaar trein teen die berg sal kan opstoot om dit vlak by die Oog af te neem nie! Pieter, ons waardeer jou poging. Jy eet seker al jou pap in die oggend.

'n Groot dankie aan die Redaktrise wat Die Zastronner moontlik maak, ten spyte van baie probleme. Zastron se mense is trots op ons eie blad wat skryf oor ons eie bedrywighede en ons eie stryerye. Ons glo dat sy van die nuwe formaat net so 'n sukses sal maak.

## BAIE DANKIE

**Christo Groenewald van Zastron skryf:**
Die inwoners van die Hanrin-woonstelle, Bergstraat, bedank mnr. Cordier, ons stadsklerk en sy personeel hartlik vir die straatlig wat die vooraansig en die binneplein van die woonstelblok verlig.



Ook ons waardering aan Hansie en Rita Calitz vir aanvoorwerk.

**Mev. Annamarie Swartz skryf:**
Ek wil mnre. Cordier, Müller en die ander stads personeel bedank vir hulle flinke optrede toe ek in knyp was.

Die krag en watertoevoer-probleme in my omgewing is nou van die verlede. Nogmaals dankie.

**Martie en Hannetjie skryf:**
Ons wil net graag baie dankie sê aan almal wat Ons Kruik afgelope twee jaar ondersteun het. Dit was 'n voorreg om diens van die gemeenskap te kon wees.

**Mev. Louise Fouché, Maatskaplike Werker van die O** bedank graag alle persone en instansies wat die kantoor d donasies in die vorm van voedsel, klere en geld ondersteun. hulp en meelewing word baie waardeer.




**BOOTS - 'N - ALL**

*Posbus 449*
*Zastron*

*TEL. 206*

**Pragtige kleure Penquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes & Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**

BESOEK ONS OOK VIR

***Groot verskeidenheid mansklere (alle grotes)***
***Groot verskeidenheid seuns- en meisiesklere***

Eienaars: Mevv. H. Labuschagne & C. Cruywagen

# NUUSBROKKIES

**NUWE MASJIEN SKEERDIENS**
***met opgeleide NWKV Skeerders***

Ook beskikbaar
*Klasser*
*Afrander*
*Wolgooier*
*Kragopwekker*

Vir die laagste pryse kontak

**HARRY PRINSLOO**
**TEL. SMITHFIELD 2731**

## Geboortes

Op 13 Julie is Stefan en Madelein Greyling se eersteling, 'n dogtertjie te Hoopstad gebore. Stefan is die seun van mnr. Willa Greyling van Boesmanskop.

## Heengegaan

Mev. M.E. Visagie is op 15 Junie oorlede. Sy was 93 jaar oud.

Op 3 Julie is mev. E.C. Mienie in die ouderdom van 85 jaar oorlede. Sy was 'n inwoner van Huis Vergesig.


Op 13 Julie is mnr. Jan van As oorlede.

Nog 'n inwoner van Huis Vergesig, mev. Cora Rhode is op 14 Julie oorlede. Sy was 73 jaar oud.

Op 17 Julie is Manie, seun van mnr. en mev. Gert Greyling van Vanstadensrus skielik oorlede. Hy was 35 jaar oud en woonagtig aan die Rand. Hy word oorleef deur sy vrou, Petro.

Mev. Ilse Rautenbach (33) is na 'n lang siekbed oorlede. Sy word oorleef deur haar man, Hein en drie jong kinders.

**NEVES KAFEE**
Matheestraat
Zastron
**TEL. 532**



***Spesiale Aanbiedinge***
***Elke Maand***
Kom kyk gerus

## Siektes

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal: Mevv. Ina Nel, W.C.J. Janse van Rensburg, Christine Jordaan.

Daar word ook in besonder gedink aan mnr. Connie Kühn en Annalize, oudste dogter van dr. en mev. Walter Swanepoel.

Vir twee inwoners van Vanstadensrus het dinge ietwat skeef geloop die afgelope maand. Eers was mev. Koba Bekker aan die beurt. In 'n poging om 'n weglê-hoender na sy kampie terug te jaag, het sy gegly en haar arm gebreek. Ook mev. Pollie du Bruyn het haar arm gebreek, toe sy op 'n matjie in haar huis gegly het. Asof dit nie genoeg gebreekte arm-stories is nie, het Retha, jongste dogter van Manus en Vonnie Fouché haar bedrewenheid op 'n perd se rug ietwat oorskat en sit nou met albei arms in gips!

## Nuwe Intrekkers

J.H. Boshoff, Oranjestraat 49, Zastron.
S.H. Jacobs, Papenfusstraat 6, Zastron.
J.A. Pelser, Papenfusstraat 9, Zastron.



So lyk mnr. Willie de Beer, nuwe bestuurder van Eerste Nasionale Bank.

Mnr. De Beer het op Warden grootgeword en het ook sy loopbaan daar in die bankwese begin.

Sy vrou, Babie is ook 'n Warden-meisie en die egpaar ken mekaar sedert hul skooldae. Hulle het drie kinders, Eben (15), Henri (12) en Leani (8).

Wat stokperdjies aanbetref, hardloop mnr. De Beer en sy vrou graag, verder speel hy 'n bietjie gholf, maar sy groot liefde is eintlik visvang.

## Augustus-Verjaardae
## N.G. Kerk Zastron

1 Yvonne Greyling
4 Hannetjie Kruger, Aret Labuschagne
7 Deodanda Maré
9 Thea Jordaan
12 Bakkies Jordaan
15 Johan Roodt
16 Bettie Greyling
17 Ben Jordaan, Kobus Potgieter, Marlene du Plessis
19 Cassie Cordier
23 Reneé Roelofse
24 Louis Klopper
25 Braam Botha
26 Basie Jordaan
27 Ben Greyling

## Vanstadensrus

11 Johan Wessels
15 Carl Smith
16 Louisa Breytenbach
18 Irendia Bothma

## Algemeen

Die nuwe eienaars van The Big Time Kafee is Marko en Elsje Heymans.

Topsport is verkoop en mnr.

**ONS KRUIK**
*Matheestr. 26, Zastron*

Groot verskeidenheid geskenke
Wolmatte
Gesondheidspap
en stafies
Potplante
Potgrond,
kompos en
kunsmis



***Skakel gerus ons***
***lewer by die***
***hospitaal of tuis af***
**TEL. 382**

Henk Lombard is die nuwe eienaar.

Verskeie veediefstalle is vandeesmaand aangemeld. Op Klein Mooifontein word twee skape vermis, op Maghaleen agt skape, op Boomplaas 2 skape, op Papenfus 50 skape en op Bronkhorstfontein 1 skaap.

Op 2 Julie is daar naby die swart woonbuurt op 1, 865 kg dagga beslag gelê. Een swartman is gearresteer. In 'n ander voorval op die plaas, Hefersdraai, is 'n swartvrou gearresteer nadat sy in besit van dagga betrap is.

## UGIE REÜNIE

'n Reünie word beplan vir April 1993. 'n Vriendelike versoek word gerig dat alle oud Ugie Kinderoordleerlinge met die volgende persone sal skakel: Pikkie Ness tel. 051-211236 (na ure) of Francois Havenga tel. 01723-2899 (na ure) of skryf aan: Percy Enslin, Posbus 3766, Welkom 9460.

## HEERLIKE WEERSIENS




Hier verskyn mnr. Christo Swanepoel (heel regs op foto) saammet drie skoolvriende, Elmo, Piet-Frans en Liba. Hulle was vanaf st. 7 tot matriek leerlinge aan die Hoërskool Zastron. Mnr. Swanepoel se moeder was die prinsipale van die destydse Huishoudskool en sy vader die skoolhoof aan die Hoërskool Aliwal. In die sestigerjare het mnr. Swanepoel Suid-Afrika te Monte Carlo verteenwoordig as motortydrenjaer. Hierdie oud-leerling is tans 'n sakeman in London. Hy het die geleentheid om weer van sy alma mater te sien baie geniet en het belowe om sy Springbokdas en -baadjie vir die skool te skenk.

## DAGBOEK Augustus

3 Kinderkrans
Oueraand om 17h00
4 Tuinbouklub om 14h30
SKJA/BKJA
Kadetkompetisie
6 Gideons
7 Bestuursverkiesing
Tennis: Smithfield
12 Tienerseminaar
13 Filmvertoning
Gideons
14 Boomplantdag en
Borgloop
Steakbraai (skool)
Bloedskenk
16 Nagmaal
17 Kinderkrans
18 Redenaarskompetisie
21 Bewaringskomitee
Tennis: Ladybrand
22 Gholf: Zastron Ope
25 SKJA/BKJA
26 VLU
Kerkraadsverkiesing
27 Rapportryers
28 Distriksboere-unie
Kerkbasaar

## LIONS HULDIG NUWE VOORSITTER IN


Bok van Niekerk is onlangs tydens 'n dinee in die Maluti Hotel ingehuldig as die sewende voorsitter van die tak. Die plegtigheid is waargeneem deur die Area-sekretaris, Leon Pienaar van Colesberg.

Aangesien dit vanjaar die 75ste bestaansjaar van Lions Internasionaal is, het die voorsitter 'n groot taak om te verrig. Die Lions is veral betrokke by Medic Alert en Operasies "Sight First" en "Bright-sight." Daar word wêreldwyd beoog om binne drie jaar 30 miljoen dollar in te samel vir blindes. Verskeie projekte en funksies is reeds in die pyplyn vir die volgende jaar.

**Dank betuig**

Die vorige voorsitter, Willie Riesenbeek het in sy toespraak gemeld dat die Lions die afgelope jaar bykans R6 000 ingesamel het. 'n Groot deel van die geld is aangewend om behoeftiges in die gemeenskap te help. Hy het Zastronners bedank vir hul onbaatsugtige hulp en ondersteuning vir al die fondsinsamelings.

Verskeie gaste het die inhuldigingsgeleentheid bygewoon, onder andere die burgemeester Bill Shaer en sy vrou, Helen, mnr. en mev. Pierre Rochér en mnr. en mev. Manie Botha.

Soekie Venter
Eiendomsagen
Tel. 72 alle ure

UNITED
ALLIED
SANTAM BEPERK
SANTAM
MULTIPLEX
Die wydste dekking onder een sambreel
Lenings kan gereël word
Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON

# WERKSWINKELS OM VREDE BINNEKORT

Die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens beplan om in Augustus twee werkswinkels oor Interkulturele Verhoudinge en Onderhandelinge op Zastron aan te bied. Daar word beoog om die inwoners van Zastron en Matlakeng aan te moedig om saam te werk en verhoudings te bou.

Kultuur of kultuurverskille speel in elke samelewing 'n belangrike rol. Die werkswinkel oor Interkulturele Verhoudinge beloof om baie van dié onderlinge kultuurverskille te verduidelik.

Onderhandeling is 'n fyn kuns wat op alle terreine van die samelewing - tuis, op skool, in werksverband - suksesvol toegepas kan word om probleme op 'n vreedsame wyse op te los.

Om dit te bewerkstellig is onderlinge samewerking nodig en die tweede werkswinkel sal spesifiek klem daarop lê.

**Navrae**

Vir verdere inligting kan mnr. Leslie Higgs of mnr. Bill Shaer gekontak word.

SQUARES
Meubileerders
Geskenkware
Groot verskeidenheid altyd beskikbaar
Volvloermatte
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
TEL. 281
Posbus 21 Zastron

Finansiële Adviesdiens
OU MUTUAL
Kry meer uit die lewe
Kontak Frik Smit
Tel. 131
Ou Mutual
VLK-gebou
Zastron
MUTUAL & FEDERAL VERSEKERING
rotsvas

## TAALHOEKIE

Die geboortemaand van Julius Caesar, die Romeinse diktator, dikteer sy ysigheid slag om slag en jaar na jaar: Julius is vir ons die ware Julie. Tog sing Leipoldt en ons koor saam agter hom aan: Ek sing van die wind wat tekeer gaan,
maar nog meer: nou braai ons vleisies!
Kom kyk hoe brand die vure.
Dis Boerewors en koffie vir die dors
so om die braaivleisvure.

O so? Waai die wind so? Nou goed, laat waai! Ek wil niks met jou uit te waai hê nie. Pas op (julle moet pasop): Wie wind saai, sal storm waai! Wees egter gerus; ná die wind, kom reën, dan wapper die vlae weer. Dit gaan pragtig voor die wind want eersdaags is dit lente, dan kan die boere weer met die wiepie laat waai. Ja, dan sien jy net waaigras en wuiwende grashalms.

Vroeër het hulle die wind van voor gekry, maar nou sal dit voor die wind gaan ..... en hulle laat waai weer. Dan sing ons saam - Die wa gaan Zastron toe.

Omie

### BRAND IN DRUKKERY

Wepener Drukkery het Vrydagoggend, 24 Julie groot skade gely toe 'n brand omstreeks 03h30 in die versendingsafdeling uitgebreek het. Die vlamme is eers teen 06h00 geblus. Brandstigting word vermoed. Die skade beloop ongeveer R150 000. Geen masjinerie is in die voorval beskadig nie.



"Juffrou Smit, maar jou lippies is koud vandag."

**Vir enige nuuswenke kontak Diana Rautenbach, 1821 Boesmanskop of Lena Opperman, 3613 Zastron.**

GREYLING-VERVOER
bied aan
Algemene vervoer van tien ton vragte
* Lewende Hawe
* Meubels landwyd
(Toe vragte)
Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL. 3302 ZASTRON

## NOG 'N PRYSWENNER VIR ZASTRON APTEEK



Trots staan mev. Linda Schwartz by haar stel mikrogolf- en oond keramiekbakke wat sy as derde prys in die landwye Fokus op Plus-kompetisie gewen het. Mev. Schwartz is die derde inskrywing van Zastron Apteek wat 'n prys wen.

## NOG BIETJIE TYD VIR VROUE WAT HUL GRAAG WIL LAAT MOOIMAAK

Daar is onlangs berig van 'n skoonheidswerkswinkel wat deur m Karen Botha op Zastron beplan word. Dit het nou werklikh geword en drie bekende stiliste van Johannesburg, Elize Viljoen v Bonn Model, Michelle Simpson en Marilyn du Preez sal op 15 en Augustus hul kennis met die vroue deel.

'n Algemene praatjie oor klerekas-beplanning sal gehou word en daarna sal elke vrou individuele raad en wenke vir haar kapsel en grimering ontvang.

Indien daar moontlik nog dames is wat belangstel om van hierdie geleentheid gebruik te maak, moet hulle voor 5 Augustus met mev. Botha, tel. 107 skakel vir verdere besonderhede.


***RIA DE KLERK TEL. 570 VIR PRAGTIGE LINNE***

**Agt stuk stelle Dubbelbed**

Duvetoortreksel
2 Kussingslope
Paslaken
Bedval
2 Gordyne

**Vanaf R289.99**

**Enkelbedstelle vanaf R279.99**

*En nog vele meer ...*


## VLU BESPREEK AKTUELE ONDERWER

Tydens die Junie-byeenkoms van die VLU was Vigs die onderw van bespreking en almal is opnuut weer bewus gemaak van gevare van hierdie siekte. Die spreker, mev. Miems Olivier het 'n video vertoon om haar praatjie toe te lig.

**Wenke**


Sy het die lede aangeraai om hul bediendes en kinders in te lig die siekte. Wonde moet waar moontlik met handskoene behan word. Sy het ook die wenk aan die hand gedoen om 'n stel nu handskoene in die motor te bêre, ingeval van 'n motorongeluk wa hulp verleen moet word.

Mnr. Riaan Deneys van Zastron Apteek het 'n leersame uitstalling van 'n huisapteek gehou en elke lid het 'n geskenkie ontvang. 'n Spesiale dankie aan die Apteek vir hierdie gebaar.

'n Kursus in Indiese kettingsteek word eersdaags gehou en belangstellendes kan die sekretaresse by tel. 1911 kontak of vir Thea Jordaan, tel. 2012.

Daar is geen vergadering gedurende Juliemaand nie, maar op 26 Augustus vind die volgende byeenkoms plaas en 'n demonstrasie in raamweefwerk word in die vooruitsig gestel.


**DIE OOG BAKKER**



***Probeer gerus ons Vars Brood, Banket***

***Wegneemetes en Teekamer***

**Ons wil u graag bedie**


**Bestuur:**
**Hans en Marie Botes**
**Martina Botes & Elize Steyn**

**TEL. 584**


## EIE SKAKELKODE

Ken u die frustrasie om van buite na Vanstadensrus of Boesmanskop te skakel? Wel, hier is goeie nuus - daar kan nou direk geskakel word. Die skakelkode is **052332**.

# RENDEZVOUS GEBRUIKTE MOTORS



## LADYBRAND

**TEL. 2936/2729**

NA URE: T. Nel 2441
B. Naude 2720
L. Steyl 40821
E. Lehasa 40088

| | |
|---|---|
| 1990 Audi 500 Se At. + Serv/R | R60 500 |
| 1992 Nissan Sentra 1.3 Only 600 km (New) | R28 600 |
| 1991 Opel Cub 140  35 900 km | R25 850 |
| 1991 Toyota Corolla 1.6 GL  7 500 km | R34 650 |
| 1991 Jetta CS-I  Full Serv/R | R46 200 |
| 1989 Mercedes Benz 230 E Man.  71 000 km | R93 000 |
| 1990 Nissan E 20 GLE  36 000 km | R42 900 |

| | |
|---|---|
| 1989 Jetta CSL + Air/C + Rad/T  71 000 km | R28 820 |
| 1989 Mazda 323 1.6 Hatch  26 000 km | R22 000 |
| 1988 Jetta CL-I+Air/C+Rad/T+Serv/R 77 000 km | R33 000 |
| 1990 Rustler 1 400 Breaker 43 000 km | R21 560 |
| 1990 Toyota Hi-Lux 1.8 SR. LDV 45 000 km | R30 800 |
| 1991 Mazda B 1800 Drifter 15 000 km Like New | R31 460 |
| 1985 Excort Sport 5 Door Very Clean | R13 420 |


## NUWE REGULASIES

Aldus die Provinsiale Inspekteur, S.P. Jonker sal die volgende reëls en tariewe vanaf 1 Julie geld vir die toets van leerling- en bestuurderslisensies.

Alle afsprake moet op Maandae by die toetsterrein gemaak word en daar moet reeds vir die aansoek betaal word, wanneer die afspraak gemaak word. Geen telefoniese afsprake sal gereël word nie.

Die koste aan 'n toetsing is soos volg:

**Aansoek** om 'n leerlinglisensie (Toets)- R20.00
**Uitreiking** van 'n leerlinglisensie - R10.00

**Aansoek om 'n bestuurslisensie (Toets)**
Kodes 10, 11, 13, 14 en 12 van voormelde - R80.00
Kodes 5, 6, 7, 8 en 12 van voormelde - R70.00
Kodes 1, 2, 3, 4, 15 en 12 van voormelde - R60.00
**Uitreiking** van Bestuurslisensie magtiging - R20.00

**Aansoek om padwaardigheid**
Motorfiets en Motorfiets met syspan (3 of 4 wiel) - R20.00
Alle ander voertuie - R45.00
**Uitreiking** van B82 padwaardigheid sertifikaat - R10.00

**Aansoek om Geskiktheid**
Busse - R55.00
Goedere voertuie (Sleepwaens uitgesluit) - R50.00
Ander voertuie (Sleepwanes ingesluit) - R45.00
**Uitreiking** van B81 sertifikaat - R10.00

**Inligting openbaar** - R5.00
**Alle duplikate** - R10.00

Vir verdere navrae: Skakel tel. 493 gedurende kantoorure op Maandae.


**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
Volkskas-gebou Tel. 259 (Z)
Zastron Tel. 6 (R)

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*
**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*
**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*
**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*
**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*

# N.G. KERK
# ZASTRON HOU BASAAR

'n Heel unieke basaar word vir 1992 in die vooruitsig gestel. Drie wyke sal saam vir 'n tafel verantwoordelik wees en kan enigiets daarop sit. Ds. Nico de Klerk het gesê: "Daar is op hierdie werkswyse besluit, daar dit baie ruimte vir kreatiwiteit bied."

Die basaar vind op **Vrydag, 28 Augustus** plaas.

**Program**

14h00: Baie interessante speletjies voor die kerksaal.
Basaarkafee open - groot verskeidenheid te ete en te drinke.

16h00: Basaar Driekamp (Sien laaste bladsy vir verdere besonderhede)

17h00: Basaar open

'n Basaarkonsert sal op 'n later datum plaasvind.


Vleis Vleis Vleis Vleis

**ZASTRON SLAGHUIS**

TEL. 20
Na-ure tel. 534
**Hoofdstr. 25**

***Besoek ook ons Rouxville-tak***

ONS VERSKAF
***Vars Vleis***
***Biltong & Droë Wors***
***Heerlike kouevleis***
***Lekker kerrie - en hoender sosaties***
***Melk***
***Vrugtesappe***

Kom binne en oortuig uself van die beste pryse ooit!

Vleis Vleis Vleis Vleis


## KURSUS

**Daar word beplan om Augustus weer met 'n Huweliksverrykings-kursus te begin. Die groep vergader een maal per maand. Belangstellendes kan met ds. Nico de Klerk skakel vir verdere inligting of om in te skryf.**

## DIE GRYSWYSES GETOETS

Twee besonder interessante byeenkomste van die Gryswysklub in Mei en Junie het Huis Vergesig ontvangsaal volgepak. Oud-lede en etlike nuwes het gesellig saam meegeding. Pittige sê-goed, o en-weer geskerts en heerlike eetgoedjies het die koue luggies buite rekening gelaat, want daar mo lelik kopgekrap word.

Min het die oues besef hoe oulik die Vrystaatse dorpname verdoesel, verdraai en vermom kan wo (Watter fontein staan nie stil nie? Waar is daar nie opstand nie?) Leidster Elsabe Jordaan vindingrykheid is tog getroef: Die wyses en die gryses het hulle nie so maklik om die bos laat nie. Die twee spanne het byna gelykop geëindig.

Met die motorregistrasie-nommers moes almal saam van OA tot OZ Vrystaatse dorpe alfabeti uitpluis. OO en OI was bra vreemd.

En met die Junie-saamtrek was dit weer neef Hansie Calitz se beurt. Nadat almal lekker saam gesing het, volg toe die kop-oorkrappers. Die oues se "musieklikheid" is deeglik getoets. Ewe skielik kon Hansie net twee of drie note van 'n bekende Afrikaanse liedjie "onthou" en die een span na die ander moes vir hom sê wat die "onvoltooide simfonie" se naam is. Daar was 'n geskarrel in die hoenderhok, 'n gekraai - van die lag - en 'n gekekkel - van die raaiwerk! Die puntetoekenner, Elsabé moes net haar tel ken. Gelukkig kon die amper-wenspan darem na die tyd saam met die wenspan weglê aan die heerlike eetgoed.

Dis met afwagting dat 'n mens wonder wat tydens Augustusmaand sy kop gaan uitsteek, as "dis my geheim" ontrafel moet word.


NESNA
Voortrekkerstr. Zastro
**TEL. 516**
***Coronation Stene***
***Hardeware***
***Deure & Vensters***
***Hout & Sink & Glas***
Spesialiste i
Vadel


## UIT DIE WOORD

"Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie." **Prediker 11:9**

# VAKANSIEPRET

Vakansie is 'n heerlike woord wat 'n mens met 'n tinteling ervaar. Alhoewel almal nie van dieselfde soort vakansie hou nie, is dit tog lekker om 'n besonderse ervaring met ander te deel. As daar lesers is wat miskien só 'n vakansie onlangs meegemaak het, is hul welkom om daarvan te vertel. **Vandeesmaand deel Annamarie Swartz dan hul besoek aan Botswana, Zimbabwe en Zambië met die Zastronners.**

### Botswana

"Opgewonde is ons vroeg die oggend uit Francistown oppad na Maun. Alreeds ons derde dag op reis, het ons uitgesien om Maun, ons eerste werklike doelwit, te bereik.

Die berugte pad tussen Francistown en Maun is onlangs geteer en het goed daaruit gesien. André, oorgehaal met dakgereedskap en wat nog, het hardop gewonder waaroor hy dit alles moes saamry.

Ons het die bekende "Baines Baobabs" aangedoen. In 1862 het Baines hierdie reuse op doek verewig en nou 130 jaar later vertoon die reuse nog net dieselfde. Hier het ons Johannesburgers ontmoet wie se toerusting André na sy asem laat snak het. Syne het soos 'n kalfie vertoon teen die manne s'n!

Maun is 'n bedrywige, slordige dorp met 'n stewige blanke inwonertal. Almal entrepeneurs wie se bedrywighede hoofsaaklik toegespits is op die Okavango Delta en ander wildreservate. In 'n piepklein vliegtuigie is ons die Delta binne. Die woorde ontbreek om hierdie plat, uitgestrekte wonderwêreld van water, land en wild te beskryf. 'n Paradys is die naaste wat ek daaraan kan kom.

Noord van Maun op ons weg na Savuti, Chobe en Kasane het ons skielik die wildernis, waarvoor Botswana bekend is, ervaar. Stoksielalleen, kort duskant nêrens het ons ou viertjies toe maar die aand gekamp. Waarom ek daardie nag so vreeslik bang was, weet ek nie vandag meer so mooi nie. Maar ek was bang, "baie bang!" Gelukkig het die slaaplose nag ook omgegaan.

Verder noordwaarts deur Chobe het die "pad" ons laat besef hoekom 'n mens 'n dakrak vol toerusting nodig het. Na 'n slegte nag was die pad 'n nagmerrie wat net nie 'n einde wou kry nie. Dit het ons R214 gekos om daardie dag deur Savuti en Chobe te ry en ons het maar bittermin te siene gekry - Mopaniebos was ons voorland! Ten einde laaste Kasane - 'n vuil gehuggie.

### Zimbabwe

Volgende op ons spyskaart was Zimbabwe en wel Vic Falls. Dit is 'n pragtige dorpie. Die watervalle, 1,7 km wyd, is asemrowend mooi en die ou hotel wat reeds in 1904 gebou is, 'n ervaring wat mens nie moet misloop nie. André het sogenaamde "white water rafting" op die Zambezi gaan doen en amper was ek 'n weduwee!

Kariba, ons laaste bestemming was ver en ons het kortpad deur Zambië gekies.

### Zambië

Zambië is vervalle. Ek het vir die eerste keer in my lewe die implikasies van 'n korrupte, onbevoegde regering ervaar. Die mense smous openlik met valuta en soek asseblief tog net buitelandse geld.

Kariba was ook vir ons 'n grootse ervaring. Massas en massas blou-blou water wat deur droë, dorre heuwels omring word. Plek-plek vind mens nog die kaalgestroopte bome in die water. Bome wat eens op 'n tyd, nog voor die damwal gebou is, in die vallei floreer het. Die kaal takke verleen 'n sombere, sinistêre voorkoms aan die dele waar dit voorkom.


ZASTRON BANDE
SUPA QUICK
TEL. 385
Bande
*Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien*
Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"
PUIK DIENSTE ALLE TYE


Toerismegewys is Kariba nogal goed ontwikkel. Ontwikkeling wat nog uit mnr. Ian Smith se dae dateer. Ons het vyf heerlike dae daar deurgebring en moes toe weens gebrek aan verdere fondse uiteindelik maar oppak en huiswaarts keer. Terug in die RSA met sy bloedige politieke stryd, het ek gewens ek was nog steeds in rustige Zimbabwe.

Aan alle voornemende besoekers aan Zimbabwe - moenie huiwer nie. Dít was 'n fees!"


Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP
VANANCO
*Groothandelaars*
ZASTRON
AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko
TEL. 346 179
*Kom vergelyk ons pryse*
VRA VIR RONNIE OF MIKE

Baie mooi Embuia "trousseau"-kis te koop. Skakel tel. 447 Zastron.

Navrae: **Gert Olivier, tel. Zastron 3604** (alle ure) of **John Melville (w) tel. 219 (h) 119.**

WACKO'S
VIR VIDEO'S

Tel. 246

Reichenbergstr. 72
(Langs die Poskantoor)

# SKOLESPORT

## TENNIS

Twaalf van die Hoërskool Zastron se leerlinge het op Saterdag, 18 Julie 'n kursus onder leiding van mnr. Jan de Kock bygewoon. Mnr. De Kock, 'n oud-leerling, is 'n professionele afrigter en het op 'n besondere wyse sy kennis aan die spelers oorgedra.

Die volgende leerlinge het aan die Tromspburg Rondomtalie-toernooi deelgeneem: Riëtte Hattingh, Anél Hattingh, Yolanda Hattingh, Margo de Witt, Chantel Smith, Ruan van Rooyen, Adéle van Rooyen en Jupy Swanepoel.

### Finaal

Oor die algemeen het hulle almal baie goed gevaar en het die meeste van hul wedstryde gewen. Riëtte Hattingh en Chantel Smith speel in die finaal. Riëtte verloor ongelukkig 5 - 7, maar Chantel wen en eindig eerste in die afdeling vir dogters onder 14.

## STOEI

Tydens die Vrystaat se stoeiproewe is die volgende stoeiers geki vir die Vrystaat stoeispan. Hulle is Willem de Wet onder 10 ond 28 kg, Mike Kruger onder 11 onder 28 kg en Gawie Kruger ond 11 onder 31 kg.

Die Vrystaat Stoeispan het op 25 Julie te Bultfontein teen Noord-Vrystaat en Griekwas gestoei.

### Afrigter

'n Verdere prestasie vir die klub is dat hul afrigter, mnr. Cassie Cordier verkies is as een van die afrigters van die Vrystaats Stoeispan.

SPRINGBOK
KAFEE
TEL. 46
*Ons lewer 'n*
*Eenstop-diens*
**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**
*Ons bak daagliks*

## DUIWESEISOEN WEER IN VOLLE SWANG

Zastron Duiweklub het reeds drie vlugte sedert die begin van die seisoen gevlieg en die uitslae in die verskillende afdelings was as volg:

**Jong duiwe vanaf Hanover**

W. van Vuuren eerste
A. Scorrano tweede
J. Kruger derde
W. van Vuuren vierde
D. Fouche vyfde

**Ou duiwe vanaf Cookhouse**

Johan Kruger eerste
Deon van Zyl tweede
Hardus Hattingh derde
W. van Vuuren vierde
J. Kruger vyfde

**Jong duiwe vanaf Beaufort-Wes**

Dassie Fouché eerste
Hardus Hattingh tweede
Anton Scorrano derde
Hannes van Wijk vierde
Blik van der Merwe vyfde

### DRIEKAMP

Vir diegene wat nog belangstel om fiks te word vir die volgende Driekamp, is daar nie meer te veel tyd oor nie. Die Driekamp word saammet die N.G. Kerk Basaar op 28 Augustus gehou.

Dit begin om 17h00 en behels 800 m kanovaart, 3,3 km draf en 12,3 km fietsry.

Vir verdere inligting kan Rob Brüning of Dermott Cusens gekontak word.


**ZASTRON**

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

HONORE ET INDUSTRIA

**HIER VIND U**

***Ongeewenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgerlewe***
***Ideaal gelee woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tarlewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskele toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
**DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950**
**Tel. (05542) 18**